| | Hartenbos Gemeenskapsveiligheidsforum<br>Grondwet V5 | |
|---|---|---|
| 1 | Stigting, naam en hoofkwartier | **1.1 INLEIDING**<br>Gemeenskapsveiligheidsforums (GVF) is bedoel om die lewering van 'n multisektorale regeringsbenadering oor veiligheid in die gemeenskap te fasiliteer. Sy benadering is breër as dié van die Gemeenskapspolisieforum (GPF) deurdat dit die insette van al die departemente in die Justisie, Misdaadvoorkoming en sekuriteit groepering (Justice, Crime Prevention and Security "JCPS" cluster) insluit. Die GVF word deur sy take van die GPF onderskei. Die GPF is volgens die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) bedoel om 'n vennootskap aan SAPD te bied om met die gemeenskap te skakel om misdaad te bekamp. Terwyl die GPF beperk is tot 'n polisiekantoorgebied / sektor en baie nou fokus op polisiëring en gepaardgaande aangeleenthede, sal 'n GVF 'n meer inklusiewe jurisdiksiegebied hê aangesien dit bedoel is om 'n heel ander en breër rol te vervul. 'n GVF is bedoel om veiligheidskwessies wat 'n spesifieke gemeenskap raak, te oorbrug en benut die energie van die meeste, indien nie al die departement in die "JCPS"-groep nie. Dit sluit enige veiligheidsake binne 'n gemeenskap in wat mense onveilig laat in hul strate, huise en werkplekke. 'n GVF is oorspronklik ontwerp om dié sake te hanteer wat tradisionele polisiëring nie kon en nie hanteer nie. Dit kan enigiets wees van die skoonmaak van 'n bos waarin mense beroof word tot straatbeligting in gebiede waar daar gereelde ongelukke is. Departemente betrokke by die "JCPS"-groep is integraal betrokke by die verskaffing van veiligheid en sekuriteit deur middel van 'n reeks dienste aan die gemeenskap. Die departemente van Polisie, Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling, Korrektiewe Dienste, Verdediging, Samewerkende Regering en Tradisionele Sake (Co-operative Governance and Traditional Affairs - COGTA), Binnelandse Sake, Maatskaplike Ontwikkeling, asook ander relevante maatskaplike kluster departemente, het 'n rol om te speel binne die GVF.<br><br>**1.2 NAAM**<br>'n Gemeenskapsveiligheidforum wat bekend staan as die Hartenbos Gemeenskapsveiligheidforum, (hierna ook genoem „GVF" of „die forum"), is gedurende Augustus 2014 te Hartenbos gestig, met 'n goedgekeurde grondwet.<br><br>**1.3 ADRES**<br>Die GVF se hoofkwartier sal by die adres van die verkose dienende sekretaris van elke bepaalde jaar wees of die Ops-kamer solank dit in gebruik is.<br><br>**1.4 WIE OF WAT IS GVF**<br>Die GVF is 'n nie winsbejagte vereniging van lede wat saamwerk om die veiligheid en misdaadvoorkoming in hul gemeenskap te verbeter. Die GVF se doel is samewerking tussen verteenwoordigers van die polisie, die plaaslike regering, die siviele samelewing, die besigheidsektor en ander belanghebbendes. Die doel van die GVF is om 'n vennootskap tussen die gemeenskap en die polisie te bevorder, om misdaadprobleme te identifiseer en op te los, om veiligheidsinisiatiewe te ondersteun en te moniteer, en om vertroue, stabiliteit en samewerking te bou. Dit sluit in enige veiligheids aspekte in die gemeenskap wat inwoners onveilig in hul strate, huise en werksplekke maak. |



Q.V

| | | |
|---|---|---|
| | | **1.5 DOEL**<br>Die GVF het ten doel om 'n vennootskap tussen die gemeenskap en die polisie te bevorder, wat gebaseer is op wedersydse respek, vertroue en samewerking. Die forum sal die polisie ondersteun in hul pligte om misdaad te voorkom en te bestry, deur misdaadprobleme te identifiseer, veiligheidsinisiatiewe te ondersteun en te moniteer, en inligting en hulpbronne te deel. Die betrokke owerhede soos polisie, Wetstoepassers en munisipaliteit sal die forum ondersteun in hul rol as verteenwoordigers van die gemeenskap, deur hul insette en klagtes te ontvang en aan te spreek, deur hul deelname en oorsig te fasiliteer, en deur hul kapasiteit en bemagtiging te bevorder.<br><br>**1.6 REGSPERSOONLIKHEID**<br>Die GVF is 'n regspersoon en die lede kan nie as individue verantwoordelik gehou word vir die optrede en verpligtinge van die GVF nie. |
| 2 | Visie | Die visie van die GVF is die bestuur van misdaad en maatskaplike aangeleenthede om 'n omgewing te skep waar elke inwoner en besoeker veilig kan beweeg en funksioneer en floreer. |
| 3 | Missie | Die missie van die GVF is om in oorleg en samewerking met die onderskeie staatsafdelings soos die Munisipaliteit, SAPD, Maatskaplike Diente, Wetstoepassers en ander Polisiërings en Gemeenskapsveiligheid Forums, die gemeenskap te motiveer, organiseer en mobiliseer vir die bekamping en voorkoming van misdaad asook morele en sedelike verval binne die grense van Hartenbos te stuit. |
| 4 | Doelstelling | **4.1 MAATSKAPLIKE VEILIGHEID**<br>Die doelstellings van die GVF is om, met erkenning van die lid en indiwidu se reg tot vrye assosiasie, op 'n nie-partypolitieke grondslag die volgende na te streef:<br>4.1.1 Op 'n demokratiese wyse om te sien na die veiligheid en behoeftes van die inwoner en grondeienaar as lede deur interaksie en samewerking met Polisie asook ander owerhede en instansies;<br>4.1.2 As prioriteit die belange van die lede van die forum te beskerm en te bevorder asook na hul behoeftes om te sien;<br>4.1.3 In die algemeen om te sien na die veiligheid en gemeenskapsbelange en behoeftes van Hartenbos, sy inwoners en sy grondeienaars.<br>4.1.4 As mondstuk van die lede van Hartenbos op te tree ter verwesenliking van bostaande doelstellings.<br><br>**4.2 RIGLYNE VAN DOELSTELLING**<br>Die Algemene Jaarvergadering (hierna ook genoem „AJV" of „die Vergadering") of 'n Spesiale Algemene Vergadering kan riglyne en beleid bepaal en hersien vir nakoming van hierdie doelstellings. |
| 5 | Gebied / Area | **5.1 GRENSE**<br>Die gebied van verantwoordelikheid van die GVF is die gebied binne die geografiese grense, beskrywend as<br>• Grense van die "Historiese" Hartenbos, synde<br>    o Suid – Interseksie by Louis Fourie Weg en Boekenhout Laan<br>    o Wes – N2 Hoofweg<br>    o Noord – Hartenbos Landgoed<br>    o Oos – Oseaan<br>    o soos uitgebrei en/of ingekort vir doeleindes van die GVF. |

| | | |
|---|---|---|
| | | **5.2 VERANDERING VAN GRENSE**<br>Die AJV mag van tyd tot tyd met 'n twee derde meerderheidstem besluit om die geografiese grense van die GVF aanliggend uit te brei of in te kort, vir doeleindes van die GVF. |
| 6 | Bestuurskomitee | **6.1 LEIDING**<br>Beheer oor die GVF sal uitgevoer word deur 'n bestuurskomitee (hierna ook genoem „BK" of „die komitee") onder die voorsitterskap van 'n uitvoerende voorsitter.<br><br>**6.2 VAKATURE**<br>In geval van 'n vakature in die voorsittersamp sal die ondervoorsitter met volle bevoegdheid waarneem totdat die komitee 'n nuwe voorsitter aangewys het.<br><br>**6.3 SUB-KOMITEES**<br>Die komitee mag, sonder afstanddoening van sy finale bevoegdhede of verantwoordelikhede, enige van sy magte delegeer aan 'n dagbestuur of aan 'n werkgroep of sub-komitee op welke werkgroep of sub-komitee ten minste een komiteelid sal dien as voorsitter en sameroeper daarvan.<br><br>**6.4 UITVOERING VAN DOELSTELLINGS**<br>Die uitvoerende voorsitter en BK sal verantwoordelik wees vir die bestuur en uitvoering van die doelstellings en besluite van die GVF.<br><br>**6.5 VERANTWOORDELIKHEID EN DELEGASIE**<br>Die voorsitter mag, na goeddunke en met instemming van die komitee, van sy pligte delegeer aan komiteelede, maar sonder afstanddoening van sy verantwoordelikheid.<br><br>**6.6 VOORSITTER UITVOERENDE MAG**<br>Die voorsitter se uitvoerende magte sal ondergeskik wees aan besluite van die Algemene Jaarvergadering asook van die BK.<br><br>**6.7 KOMITEE SE BESTUURSMAGTE**<br>Die BK se bestuursmagte sal ondergeskik wees aan besluite van die Algemene Vergadering.<br><br>**6.8 BESTUURSKOMITEE**<br>Die BK word verkies deur die lede (soos beskryf in paragraaf 7). Die GVF sal bestuur word deur 'n BK van minstens 5 lede, hoogstens tien lede, welke lede by wyse van 'n gewone meerderheid van stemme deur lede tydens die GVF se AJV verkies word.<br>'n Voorsitter, ondervoorsitter, sekretaris en tesourier (laasgenoemde twee ampte mag gekombineer word) asook ander portefeuljebestuurders sal so gou moontlik na afloop van die AJV deur die aangewese lede van die komitee uit eie geledere verkies word.<br><br>**6.9. KO-OPTERING VAN LEDE**<br>Die komitee kan lede koöpteer soos en wanneer benodig vir 'n tydperk van hoogstens een jaar, welke koöptering na goeddunke van die komitee op 'n jaarlikse grondslag formeel hernu mag word. |



Q.V

| | | |
|---|---|---|
| | | **6.10 BEKWAAMHEIDSVEREISTES**<br>6.10.1 Verkose komiteelede moet volopbetaalde geregistreerde lede van die GVF wees en dien op 'n vrywillige basis sonder vergoeding op die komitee.<br>6.10.2 Geen lid van die Munisipale Raad vir Mosselbaai kwalifiseer om te dien op die komitee nie. Sodra 'n lid van die komitee verkies word tot lid van die Munisipale Raad, moet hy/sy as komiteelid bedank, en mag dan slegs as gewone lid van die GVF aanbly.<br><br>**6.11 AMPSTERMYN VAN KOMITEELEDE**<br>6.11.1 Die ampstermyn van die BK-lede sal vir 'n periode van drie (3) jaar wees, waarna lede met rotasie uittree, met dien verstande dat die AJV enige of alle lede met 'n gewone meerderheidstem voor verstryking van hulle termyn kan ontslaan.<br>6.11.2 Uittredende lede sal herkiesbaar wees.<br><br>**6.12. BEDANKING/VERVANGING VAN BK-LEDE**<br>6.12.1 Voorsitter/ondervoorsitter/sekretaris/tesourier: Opvolgers vir vakante poste word so gou moontlik deur die BK-lede self uit eie geledere aangewys, soos en wanneer nodig.<br>6.12.2 Komiteelede: Vakatures wat ontstaan as gevolg van bedanking of andersins kan gevul word deur koöptering. Sodanige gekoöpteerde lede dien hoogstens tot die eersvolgende AJV, waar die vakature(s) deur verkiesing gevul moet word vir die oorblywende gedeelte van die toepaslike termyn.<br><br>**6.13 WAARDESTELSEL**<br>Die Komitee tree ten alle tye op met beginsels en in 'n waardestelsel van:<br>• behulpsaamheid,<br>• betroubaarheid,<br>• integriteit,<br>• medemenslikheid,<br>• eerlikheid<br>• deursigtigheid<br>• aanspreeklikheid<br>• deelname<br>• respek<br>• diversiteit<br>• menseregte<br><br>**6.14 PERSOONLIKE AANSPREEKLIKHEID**<br>Die GVF is 'n regspersoon en die BK lede kan nie as individue verantwoordelik gehou word vir die optrede en verpligtinge van die GVF nie. |
| 7 | Lede | **7.1 Lidmaatskap**<br>Lidmaatskap vir die GVF is beskikbaar vir: Lede kwalifiseer wat woonagtig is, besighede besit, eienaars is, langtermyn huurders, komplekse in die jurisdiksie gebied per paragraaf 5.<br><br>**7.2 Moontlike kwalifikasie van lede:**<br>Die volgende natuurlike persone en regspersone in die gebied van die GVF, wat die doelstellings van die GVF onderskryf, kwalifiseer vir lidmaatskap met stemreg, onderhewig aan beperkende bepalings soos onder punt 12.6 STEMMING beskryf: |

7.2.1 'n Grondeienaar (natuurlike persoon) as belastingbetaler in die gebied van die GVF (een verteenwoordiger);
7.2.2 Die lewensmaat of ander aangewese familielid van 'n grondeienaar soos onder punt 7.1 hierbo beskryf, waar hulle die verbeterde eiendom self bewoon hetsy as hoofwoning of andersins (een verteenwoordiger naas die eienaar as natuurlike persoon);
7.2.3 'n Formeel genomineerde natuurlike persoon as verteenwoordiger van 'n regspersoon (byvoorbeeld 'n trust of 'n firma) waar eienaarskap in sodanige regspersoon setel (een verteenwoordiger).
7.2.4 'n Huurder of begunstigde bewoner van 'n verbeterde eiendom wat die eiendom, in die afwesigheid van eienaarsokkupasie soos onder punt 7.2.2 hierbo beskryf, as 'n geheel volgens ooreenkoms of formele dokumentasie as hoofwoning bewoon en beheer (een verteenwoordiger naas die eienaar of regspersoon).
7.2.5 Geen enkel eiendom kan deur meer as twee lede met lidmaatskap verteenwoordig word nie. In geval waar meer as twee persone per eiendom wel mag kwalifiseer vir lidmaatskap sal sodanige persone self skriftelik die twee persone vir lidmaatskap nomineer.
7.2.6 Lidmaatskap is ongedifferensiëerd, dit wil sê Bogenoemde lewensmaats, genomineerdes, huurders en begunstigde persone geniet dieselfde voorregte en is onderhewig aan dieselfde verpligtinge as 'n eienaar soos onder punt 7.2.1 hierbo genoem.
7.2.7 Elke lid sal afsonderlik aanspreeklik wees vir ledegeld soos bepaal deur die AJV.

**7.3 ALGEMEEN**

7.3.1 Aansoek om lidmaatskap geskied op voorgeskrewe vorm en word onderhewig aan kwalifikasie deur die BK vir goedkeuring oorweeg.
7.3.2 Lidmaatskap word jaarliks hernu deur volle betaling van die voorgeskrewe ledegeld voor of op 'n datum soos bepaal deur die AJV vir die betrokke lidmaatskapjaar. Die lidmaatskapjaar val saam met die finansiële jaar soos beskryf onder punt 8.1 hieronder.
7.3.3 Betaling en dus hernuwing van lidmaatskap voor of op die vasgestelde datum is die verantwoordelikheid van die lid.
7.3.4 Ingeval van laat betaling van ledegelde sal aanvaarding van betaling en hernuwing/herstel van lidmaatskap by die bestuurskomitee berus, onderhewig aan staande besluite van die AJV.
7.3.5 'n Lederegister sal bygehou word en op versoek vir lede se inspeksie beskikbaar wees, maar sonder kompromitering van persoonlike inligting.
7.3.6 By beëindiging van lidmaatskap sal daar geen reg op terugbetaling van enige ledegeld wees nie.

**7.4 BEËINDIGING VAN LIDMAATSKAP**

7.4.1 Met vrywillige beëindiging van lidmaatskap.
7.4.2 'n Lid wat sy eiendom of eiendomme in die gebied verkoop kwalifiseer outomaties vanaf die oordragsdatum nie meer vir lidmaatskap nie.
7.4.3 Met nie-hernuwing, ooreenkomstig punt 7.3.4 hierbo.
7.4.4 Indien 'n lid hom/haar skuldig maak aan optrede wat die effektiewe funksionering van die GVF opsetlik benadeel, het die BK die reg om sodanige lid tot orde te roep, en indien nodig van sy/haar lidmaatskap te onthef. Sodanige lid sal die reg hê om skriftelike vertoë tot die BK te rig.

| | | |
|---|---|---|
| 8 | Finansies | **8.1 FINANSIËLE JAAR**<br>Die finansiële jaar asook die lidmaatskapjaar strek vanaf 01 November tot 31 Oktober.<br><br>**8.2 REKENINGE EN TEKENMAGTIGES**<br>Rekeninge in die naam van die GVF, soos benodig en bepaal deur die Bestuurskomitee, moet by geregistreerde finansiële instellings gehou word. Twee handtekeninge, te wete díe van die tesourier (as verpligte ondertekenaar) asook díe van óf die voorsitter óf die ondervoorsitter word benodig vir enige betalings, onttrekkings en oordragte.<br><br>**8.3 FINANSIËLE VERSLAGDOENING**<br>Die tesourier/e moet jaarliks op 31 Oktober die rekeningkundige rekords afsluit en finansiële state (wat ten minste 'n inkomste- en uitgawestaat asook 'n balansstaat insluit) opstel, met sodanige hulp, desnoods teen vergoeding, as wat nodig geag mag word. Hierdie finansiële state moet deur die GVF se Bestuurskomitee (BK) oorweeg en goedgekeur word, waarna dit deur die voorsitter en ondervoorsitter, tesame met die tesourier/e, onderteken moet word. Die ondertekende finansiële state moet so gou doenlik daarna aan lede versprei word en aan die daaropvolgende Algemene Jaarvergadering (AJV) van die GVF voorgelê word vir kennisname en bekragtiging.<br><br>**8.4 BEGROTING**<br>'n Detailleerde konsep begroting vir die nuwe jaar, wat alle beplande uitgawes asook die voorgestelde ledegeld toon, moet aan die AJV voorgelê word vir goedkeuring deur 'n gewone meerderheid van die AJV.<br><br>**8.5 BESTUUR AANWENDING VAN FONDSE ONTVANG**<br>Alle fondse ontvang, sal gebruik word om die doelstellings van die GVF te bereik. |
| 9 | Vergaderings | Forum vergaderings met lede sal ten minste kwartaalliks geskied; meer gereelde vergaderings kan op versoek van of die komitee of die lede geskied. |
| 10 | Spesiale algemene vergadering | **10.1 VERGADERING**<br>'n Spesiale Algemene Vergadering moet gehou word op versoek, met motivering, van drie of meer komiteelede of op skriftelike versoek, met motivering, van ten minste tien persent (10%) van die lede van die GVF, om slegs die saak of sake waarvoor die spesiale vergadering aangevra is te bespreek.<br><br>**10.2 KENNISGEWING**<br>Skriftelike kennisgewing word per pos/WhatsApp/e-pos na die lede gestuur binne veertien (14) dae na ontvangs van die versoek dat so 'n spesiale vergadering belê word. Minstens een-en-twintig (21) dae kennisgewing voor die aanvang van die spesiale vergadering moet aan lede gegee word.<br><br>**10.3 SAKELYS**<br>Die sakelys word by die kennisgewing ingesluit. Slegs sake in die sakelys word bespreek.<br><br>**10.4 KWORUM**<br>Verwys na punt 12.5 |

| | | |
|---|---|---|
| | | **10.5 STEMMING**<br>Verwys na punt 12.6<br>**10.6 NOTULE**<br>Verwys na punt 12.7 |
| 11 | Komitee vergaderings | **11.1 VERGADERINGS**<br>11.1.1 Die komitee vergader minstens twee keer per jaar formeel op 'n tyd en plek soos deur die voorsitter bepaal. Hierdie bepaling geld spesifiek om voorsiening te maak vir komiteevergaderings onmiddellik voor en na die AJV.<br>11.1.2 Daarbenewens mag die BK ook volgens eie besluit op 'n gereelde grondslag vergader.<br>11.1.3 Die voorsitter mag ook, wanneer dringende aangeleenthede bespreek moet word, die komitee deur middel van die elektroniese media (d.i. per e-pos, WhatsApp, SMS of telefoniese kommunikasie, maar uitgesluit sosiale media soos Facebook, Twitter en andere) in kennis stel en 'n ad hoc vergadering mag dan ook deur middel van elektroniese kommunikasie geskied en as sulks deur die sekretaris notuleer word.<br>11.1.4 Wanneer drie of meer lede van die komitee 'n spesiale vergadering aanvra, moet die voorsitter die mees geleë tyd en plek vind vir so 'n vergadering, indien dit nie deur middel van elektroniese kommunikasie kan geskied nie.<br><br>**11.2 KENNISGEWING VAN VERGADERINGS**<br>11.2.1 Met uitsondering van die konstitueringsvergadering direk na die AJV moet komiteelede minstens veertien (14) dae voor die aanvang van 'n normale vergadering skriftelik (per pos of elektronies soos hierbo beskryf) daarvan in kennis gestel word. Die beoogde sakelys moet die kennisgewing vergesel.<br>11.2.2 Komiteelede mag in uitsonderlike gevalle 'n korter kennisgewingstyd kondoneer, mits die besluit eenparig is, en onderhewig aan redelike voorbereidingstyd.<br><br>**11.3 SAKELYS**<br>Sakelyste van BK-vergaderings moet volledig wees, en moet voorsiening maak vir aanvullende sake by die aanvang van die vergadering.<br><br>**11.4 KWORUM**<br>Die minimum aantal komiteelede wat 'n vergadering moet bywoon om 'n kworum te vorm, is:<br>11.4.1 Die voorsitter of ondervoorsitter, en<br>11.4.2 Voldoende ander lede van die BK om gesamentlik met die voorsitter en/of die ondervoorsitter meer as vyftig persent (50%) van die verkose lede van die BK te verteenwoordig.<br><br>**11.5 STEMMING**<br>11.5.1 Punte op die sakelys sal by wyse van behoorlik geformuleerde voorstelle en meerderheid van stemme afgehandel word.<br>11.5.2 Alle lede van die BK met insluiting van die voorsitter en vol gekoöpteerde lede het die normale stemreg.<br>11.5.3 By 'n staking van stemme, het die voorsitter ook 'n beslissende stem.<br>11.5.4 Persone wat op ac hoc basis as spesialisraadgewers gekoöpteer is het geen stemreg nie. |

| | | |
|---|---|---|
| | | **11.6 NOTULE EN BESLUITEREGISTER**<br>11.6.1 Van alle BK vergaderings moet behoorlik notule gehou word. Notules van elektroniese vergaderings moet by die volgende normale vergadering bekragtig word.<br>11.6.2 Daarbenewens moet 'n formele BK besluiteregister bygehou word van alle beleidsbesluite wat deur die BK geneem is.<br>11.6.3 Goedgekeurde notules en besluiteregisters word die eiendom van die Algemene Jaarvergadering. |
| 12 | Algemene jaarvergadering | **12.1 VERGADERING**<br>Die AJV sal jaarliks gedurende die maand van Desember te Hartenbos gehou word, of soos andersins deur die AJV bepaal mag word.<br><br>**12.2 KENNISGEWING**<br>Skriftelike kennisgewing van die vergadering, tesame met 'n uitnodiging om besprekingspunte in te dien, word per pos/WhatsApp/e-pos ten minste veertig (40) dae voor die aanvang van die vergadering aan alle lede gestuur.<br><br>**12.3 BESPREKINGSPUNTE**<br>Voorgestelde besprekingspunte vir die AJV, tesame met 'n kort motivering van elke besprekingspunt, moet per pos/WhatsApp/e-pos aan die sekretaris gestuur word om hom/haar nie minder as dertig (30) dae voor die aanvang van die vergadering te bereik nie. Die sekretaris moet onmiddellik ontvangs van sulke besprekingspunte erken.<br><br>**12.4 SAKELYS**<br>Die sekretaris sal die finale sakelys van die AJV tesame met voorgeskrewe pro forma volmagvorms, indien toepaslik, per pos/WhatsApp/e-pos aan alle lede stuur, op 'n datum nie minder as twintig (20) dae voor die aanvang van die vergadering nie. Hierdie sakelys sal finaal wees.<br><br>**12.5 KWORUM**<br>12.5.1Twintig persent (20%) van die lede van die GVF vorm 'n kworum op voorwaarde dat die bepalings van subparagrawe punt 12.2 en punt 12.4 hierbo nagekom is.<br>12.5.2 Geen lid van die GVF kan enige ander stemgeregtigde lid van die GVF volmag ("proxie") verleen om namens hom of haar 'n stem uit te bring by 'n AJV nie.<br>12.5.3 Indien 'n kworum nie teenwoordig is nie, word die vergadering vir sewe dae uitgestel om op dieselfde uur en plek plaas te vind. Die teenwoordige volwaardige lede op die vergadering vorm dan 'n kworum.<br><br>**12.6 STEMMING**<br>12.6.1 Slegs geregistreerde kwalifiserende lede van die GVF, soos bepaal in punt 7 hierbo, het stemreg, met dien verstande dat lede wie se ledegelde vol opbetaal is of met keuring soos per punt 7.3.1 vir die afgelope jaar tot Oktober vir stemreg sal kwalifiseer gedurende die daaropvolgende AJV.<br>12.6.2 'n Lid het slegs een stem, ongeag die aantal eiendomme geregistreer in sy/haar naam.<br>12.6.3 Tensy anders gespesifiseer hierin, sal sake beslis word deur 'n eenvoudige meerderheidstem.<br>12.6.4 Stemming sal plaasvind op 'n wyse soos van tyd tot tyd deur die AJV bepaal word. |

| | | |
|---|---|---|
| | | **12.7 NOTULE EN BESLUITEREGISTER**<br>12.7.1 Van alle AJV vergaderings moet behoorlik notule gehou word en soos voorgeskryf deur die AJV goedgekeur en versprei word.<br>12.7.2 Daarbenewens moet 'n formele AJV besluiteregister (indeks) bygehou word van alle beleidsbesluite wat deur die AJV geneem is. |
| 13 | Ledegelde | **13.1 BEDRAG**<br>Ledegelde soos vervat in die voorgestelde begroting word jaarliks vir die nuwe jaar deur die AJV vasgestel, met inagneming van die voorgestelde begroting.<br><br>**13.2 AANWENDING**<br>Die bedoeling van ledegelde is om die administratiewe verpligtinge van die GVF na te kom en om uitvoering van die begroting te bemagtig ten einde die doelstellings genoem in punt 4 hierbo na te streef.<br><br>**13.3 BETALINGS METODE**<br>Ledegelde is ten volle vooruit betaalbaar by toetrede en daarna jaarliks vooruit of maandeliks per debiet order ten volle met hernuwing van lidmaatskap soos voorgeskryf in punt 7.3 hierbo, tensy anders bepaal in 'n staande besluit deur die AJV. |
| 14 | Ontbinding van die forum | **14.1 PROSES VIR ONTBINDING**<br>Die GVF kan slegs kragtens 'n besluit geneem op die AJV of op 'n Spesiale Algemene Vergadering ontbind, onderworpe aan goedkeuring deur 'n twee derde meerderheidstem van alle lede van die GVF.<br><br>**14.2 LEDE BESLISSING**<br>Indien 'n twee derde meerderheidstem verkry word van lede teenwoordig op die AJV, insluitend volmagte, maar dit verteenwoordig nie 'n twee derde meerderheidstem van alle lede nie, moet die komitee die afwesige lede deur middel van 'n afstandstemming per pos/WhatsApp/e-pos tot stemming roep.<br><br>**14.3 HANTERING VAN BATES**<br>Die komitee sal by ontbinding van die GVF met die bates van die GVF handel ooreenkomstig besluite soos geneem deur die ontbindingsvergadering onderworpe aan die bepalings van bestaande Samewerkingsooreenkomste. |
| 15 | Wysiging van die Grondwet | **15.1 PROSES VIR WYSIGING**<br>Die grondwet kan slegs deur 'n twee derde meerderheidstem insluitende volmagte op 'n AJV, of op 'n Spesiale Algemene Vergadering vir hierdie doel, gewysig word.<br><br>**15.2 AANBIEDING VAN VOORGESTELDE WYSIGINGS**<br>Voorgestelde veranderinge, tesame met 'n kort motivering vir elke wysiging, moet skriftelik per pos/WhatsApp/e-pos aan die sekretaris gestuur word om hom/haar nie minder as dertig (30) dae voor die aanvang van die vergadering te bereik nie. Die sekretaris moet onmiddellik ontvangs van sulke besprekingspunte erken. Die voorgestelde wysigings plus die motivering daarvoor, word tesame met die finale sakelys soos per punt 12.4 aan alle lede gestuur.<br><br>**15.3 WANNEER IS WYSIGINGS VAN KRAG**<br>Goedgekeurde wysigings tree onmiddellik in werking. |

| | | |
|---|---|---|
| | | **15.4 BEPERKINGS OP WYSIGINGS**<br>Wanneer enige gedeelte(s) van die grondwet gewysig is, mag geeneen van dieselfde gedeelte(s) weer binne ses (6) maande gewysig word nie. |
| 16 | Taal en interpretasie | **16.1 TAAL**<br>Hierdie grondwet van die GVF is in Afrikaans en in Engels beskikbaar. Die Afrikaanse bewoording sal vir doeleindes van interpretasie as die oorspronklike bewoording geag word.<br><br>**16.2 INTERPRETASIE**<br>In geval van verskil in interpretasie rakende die bedoeling van hierdie grondwet se bepalings sal die AJV se beslissing geld. |
| 17 | Status van grondwet | Hierdie grondwet, geteken deur die bestuurskomitee, vervang enige ander vorige grondwet wat in sy geheel herroep word. |

Aanvaar deur die lede en onderteken deur die komitee lede te HARTENBOS NG KERK

Op MAANDAG 5 JUNIE 2023.

Geteken deur:

Voorsitter: Quintin Viljoen ____________________

Onder Voorsitter: Johan Gräbe ____________________

Sekretaresse: Annalie Gräbe ____________________

Tesourier: Jenny Terblanche ____________________

Kommunikasie Skakelbeampte: Shern Hanekom ____________________

Lid: André Fivaz ____________________

Lid: Pieter Cilliers ____________________